

143/84

SAAK NR. 233/83
/CCC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

J M GREYLING

APPELLANT

en

ISCOR

RESPONDENT

Coram: WESSELS, JANSEN ARR et ELOFF Wnde AR

Verhoor: 6 November 1984

Gelewer: 29 November 1984

U I T S P R A A K

ELOFF, Wnde AR/

ELOFF, Wnde AR:

Hierdie appèl vind sy herkoms in 'n siviele geding wat die appellant (eiser) teen die respondent (verweerder) in die Landdroshof van Postmasburg ingestel het. Sy eise het voortgespruit uit sy diensverhouding met die verweerder, by wie hy van 22 September 1976 tot 30 April 1977 in diens was. Slegs een van sy eise is tans ter sprake. Dit was vir betaling van die som van R578, synde deel van die eiser se loon vir die maand van April 1977, betaling waarvan die verweerder met diensbeëindiging weerhou het. In antwoord op die dagvaarding het die verweerder 'n pleit asook 'n teeneis liaseer. Die teeneis

het/

het twee eise gestel. Die eerste daarvan het gesentreer om die bewering dat terwyl die eiser by die verweerder in diens was, hy vir meer dae met siekteverlof afwesig was as wat hy op geregtig was, en dat hy nieteenstaande sy volle loon ontvang het. Die bedrag van die beweerde oorbetalings was R743,60, dit wil sê, R165,60 meer dan eiser se eis. Die verweerder het toegegee dat hy teenoor eiser die bedrag van R578 verskuldig geword het ten opsigte van April 1977 se loon, en hy het betaling van die verskil van R165,60 van die eiser geëis. Die tweede eis was vir betaling van die bedrag van R296,33 uit hoofde van 'n promesse vir R800 wat die eiser op 24 September 1976 ten gunste van die verweerder geteken het. Die promesse is aan die verweerder

oorhandig/

oorhandig in terme van 'n ooreenkoms waarkragtens
die verweerder finansiële bystand aan die eiser sou
verleen ten einde laasgenoemde in staat te stel om
sy meubels na sy werksplek te laat vervoer. Die
ooreenkoms het onder meer bepaal dat die bedrag van
enige balans verskuldig aan die verweerder in terme
van die promesse ten volle betaalbaar sou wees indien
sy dienste by laasgenoemde beëindig word vir redes
ander dan dood, of dat die eiser ongeskik raak vir
werk, of dat verweerder besluit op 'n vermindering van
personeel. Volgens die teeneis het geeneen van dié
omstandighede voorgeval toe eiser in April 1977 uit
die verweerder se diens getree het nie, en het die
volle bedrag uitstaande in terme van die promesse
verskuldig/

verskuldig geword. Die verweerder het beweer dat die eiser geregtig was op sekere krediete (die besonderhede daarvan is nie nou ter sake nie) latende 'n balans van R296,33. In sy pleit het die verweerder onder meer beweer dat die eiser se eis deur skuldvergelyking op grond van die twee gemelde eise gedelig is. Ek sal later meer in besonder die formulering van die eise in rekonvensie en die getuienis wat daaromtrent gelei is, bespreek.

Die uitslag van die geding in die landdroshof was dat die twee genoemde eise in rekonvensie bewese bevind is, en dat die pleit van skuldvergelyking geslaag het. Na 'n onsuksesvolle appèl na die

Noordkaapse/

Noordkaapse Provinsiale Afdeling, wat vervolgens
verlof tot verdere appèl geweier het, kom die eiser
in hoër beroep na hierdie hof nadat verlof in terme
van artikel 21(3)(a) van Wet 59 van 1959 verleen is.

Die kwessie wat allereers oorweging
verg, is of die hof a quo en die landdros korrek was
in hulle gevolgtrekking dat die eerste teeneis vir
R743,60 gegrond was. Vir doeleindes van sy betoog
het die eiser se advokaat toegegee dat aan die eiser
siekteverlof vir 39 dae meer as sy regmatige aanspraak
toegestaan is, maar hy het dit bevraagteken of die
verweerder regsgronde gehad het vir die verhaal van
lone wat in die tyd aan die eiser betaal was. Die

basis/

basis van die betrokke eis is soos volg in die teen-
eis uiteengesit -

"Die Eiser het volle besoldiging vir sy afwesigheid van diens vir die tydperk in paragraaf 4 hierbo, ontvang en in terme van die genoemde verlofregulasies, alternatiewelik by uitdruklik, alternatiewelik stilswyende ooreenkoms tussen die partye verder alternatiewelik kragtens die Gemene Reg is verweerder geregtig op terugbetaling van besoldiging wat deur Eiser ontvang is, ten opsigte van 'n tydperk van 39 dae. "

Ten aansien van die eerste van die gronde van sy eis, naamlik die bepalings van die verweerder se verlofregulasies, het die verweerder aan sy nadere besonderhede afskrifte geheg van wat na bewering die verweerder se verlofregulasies was, sonder dat hy

enige/

enige besondere een van die regulasies identifiseer

het as die wat die beweerde reg tot "terugbetaling

van besoldiging daarstel", en sonder om uiteen te sit

wat, na bewering, die status van die regulasies is.

Tydens die verhoor het ene Looock, 'n amptenaar in diens

van die verweerder wat in beheer was van sy rekords,

onder andere die brief van verweerder se aanstelling

as 'n bewysstuk ingehandig. Dit wil van die bewoording

daarvan voorkom dat die verweerder se verlofregulasies

deel was van die eiser se diensvoorwaardes. Looock het

ook afskrifte van die betrokke regulasies ingehandig as

bewysstukke. Hy het egter ook nie verwys na enige

spesifieke regulasie wat die reg daarstel waarop die

verweerder/

verweerder hom in sy teeneis verlaat het nie.

In sy uitspraak het die landdros nie 'n regulasie ge-

noem wat 'n verhaalsreg inhoud soos voorgestaan in die

teeneis nie; en die uitspraak van die hof a quo ver-

meld ook nie so 'n regulasie nie. Tydens betoog voor ons

is die verweerder se advokaat gevra om te sê watter

regulasie hy hom spesifiek op verlaat. Hy het regulasie

27 aangehaal, wat soos volg lui -

"LEAVE GRANTED IN EXCESS:

27. In the event of any leave being granted to and taken by an employee in excess of the amount permissible under these regulations, such leave granted in excess shall be deducted from that employee's subsequent leave."

Ek dink self dat die regulasie die naaste kom aan

die/

die daarstelling van 'n reg ingeval 'n werknemer van die verweerder meer siekteverlof ontvang as wat hy op geregtig is. Dit sal egter gesien word dat dit slegs die beperkte reg skep om, waar 'n werknemer siekverlof toegeken word vir meer dan wat voorgeskryf word, 'n regstelling te laat doen ten opsigte van siekteverlof wat later verwerf word. Dit behandel nie 'n situasie soos die onderhawige nie, waar die werknemer se diensverhouding beëindig word voordat hy 'n voldoende aanspraak op verdere siekteverlof verkry het. Die regulasies skyn geen voorsiening te maak vir 'n geval soos dié tans onder bespreking nie.

Die vraag is tydens redenasie in hierdie

hof/

hof geopper of dit nie implisiet is in regulasie

27 dat, ingeval 'n werknemer se diensverhouding be-

ëindig word voordat hy voldoende siekteverlof verwerf

om die oortoekenning uit te wis, hy 'n proporsionele

terugbetaling moet maak van die lone wat hy ontvang

het. Die antwoorde, myns insiens, is dat so 'n

implikasie nie gepleit is nie, en dat dit in ieder

geval nie moontlik is om te sê dat dit 'n noodwendige

implikasie van die regulasie is nie. Ek kom tot die

gevolgtrekking dat die verweerder nie getoon het dat

sy eerste teeneis in sy verlofregulasies gefundeer

kan word nie.

Ek wend my vervolgens na die bewering

in/

in die teeneis dat daar 'n bepaling in die partye se ooreenkoms was wat die verweerder die reg onder behandeling gee. Dit het uit die dokumentasie wat as bewysstukke voor die landdros geplaas was geblyk dat die eiser se aanstelling geskied het na 'n skriftelike aansoek gevolg deur 'n brief van aanstelling. Daar was geen suggestie van 'n mondelinge ooreenkoms buite die dokumentasie nie. Ek kon nie in die betrokke dokumente enigiets vind wat die betrokke teeneis kon fundeer nie. In sy uitspraak maak die landdros gewag van die volgende voorwaarde wat die eiser in sy aansoek om sy betrekking aanvaar het -

"4. Enige bedrae om watter rede ook al deur my aan die Korporasie verskuldig,

sal/

sal by my diensbeëindiging on-
middellik opeisbaar en betaalbaar
wees."

Ek dink nie dat die bepaling die verweerder help nie.

Dit gaan oor bedrae wat inderdaad verskuldig is; die
vraagstuk wat tans ondersoek word is of daar hoegenaamd
enige bedrae deur die eiser verskuldig was.

Die verweerder se advokaat het daarna
verwys dat, toe die eiser getuig het, hy skynbaar aan-
vaar het dat die oormaat van siekteverlof wat aan hom
toegestaan is, later "verreken" sou moes word. Dit
is so, die eiser het bevestigend geantwoord op die
volgende vraag -

"V. U het verstaan siekteverlof is

voornit,/

vooruit, dit beteken u kry iets
waarop u nie geregtig is nie, maar
sal later verreken word?

A. Korrek."

Dit is egter nie vir my duidelik of die eiser slegs
die soort van verrekening in gedagte gehad het soos wat

Regulasie 27, wat ek vroeër aangehaal het, reël nie.

In ieder geval kom die aangehaalde gedeelte van die
getuienis slegs neer op die uitspraak van 'n opinie,
en is nie van waarde by die onderhawige ondersoek nie.

Ek kom tot die gevolgtrekking dat die ver-
weerder nie die grondslag van sy eerste teeneis in sy
verlofregulasies, of die ander bepalinge van eiser se
diensvoorwaardes, kon toon nie. Die enigste oorblywende
basis vir die eis is die condictio indebiti. Dit is

die/

die grond waarop die hof a quo bevind het dat die eerste teeneis tereg toegestaan is.

Die kernvraag in dié verband is of die verweerder bewys het dat die betaling aan die eiser van sy volle lone vir die maande van Desember 1976, en Januarie tot Maart 1977 weens 'n redelike fout geskied het (vgl. Union Government (Minister of Finance) v Gowar 1915 A A 426 to 445; Recsey v Rieche, 1927 AA 554 to 556; Le Riche v Hamman 1946 AA 648 to 656; Voet 12.6.6. en 7). Sover ek kon oordeel is weinig aandag aan hierdie kwessie tydens die landdros-hofverhoor gegee. Ek vind geen getuienis om die feit te verduidelik dat, hoewel die eiser nie op

siekteverlof/

siekteverlof geregtig is nie, verlof tog aan hom toe-

gestaan was en sy volle loon tog betaal was. In

die afwesigheid van getuienis van 'n amptenaar in

die verweerder se betrokke departement, is dit nie

moontlik om te bepaal hoekom die eiser deurgaans

tot die einde van Maart 1977 sy volle loon betaal is

nie. Die redelike moontlikheid dat die betaling van

loon geskied het, terwyl die verantwoordelike amptenaar

of amptenare ten volle bewus was van al die tersaaklike

omstandighede, is m.i. nie uitgeskakel nie. Hierdie

aspek van die saak was nie in die landdros se uitspraak

behandel nie. In die uitspraak van die hof a quo is

die kwessie onder bespreking behandel na aanleiding van

die/

die hof se bespreking van die getuienis van ene Roets, wat indertyd in die verweerder se personeelafdeling werksaam was. Roets het gesê dat hy vroeg in 1977 aanwesig was tydens 'n gesprek tussen die eiser en die hoof van verweerder se personeelafdeling te Sishen, ene Haarhoff. Die onderhoud het plaasgevind met verwysing na 'n aansoek om siekteverlof vir die tydperk van 25 Januarie tot 1 Februarie 1977. Haarhoff het die eiser meegedeel dat hy toe reeds heelwat meer siekteverlof ontvang het as wat hy op geregtig was. Verdere siekteverlof is toe nietemin toegestaan, en die rede "onvoldoende siekverlof" is aangeteken. Na aanleiding hiervan het die Hof a quo hom soos volg uitgespreek/

uitgespreek -

"Dit is duidelik dat Eiser op 3.2.1977 alreeds meer as die gemelde 39 dae siekteverlof met volle betaling geniet het; vandaar dan ook die genoemde rede waarom vir verdere verlof aansoek gedoen word, nl. 'onvoldoende siekverlof'. Die vroegste datum waarop Verweerder dus bewus geword het daarvan dat Eiser alreeds meer siekteverlof gehad het as dié waarop hy geregtig was, is dus op of net vóór 3 Februarie 1977. Op daardie datum was die salarisbetalings (of te wel betaling t o v siekteverlof) wat Eiser van Verweerder ontvang het, dus reeds gemaak, en dit is duidelik dat dit geskied het sonder dat Verweerder geweet het dat Eiser nie op daardie betaalde siekteverlof geregtig was nie want Haarhoff het dan juis vir Eiser laat kom omdat daar meer siekteverlof aan hom toegestaan was as dié waarop hy ooreenkomstig die siekteverlofregulasies geregtig was sodat om

verdere/

verdere vakansieverlof aansoek gedoen
moes word."

Met respek, ek begryp nie die redenasie nie. Dit volg
m.i, nie uit Roets se beskrywing van die gesprek dat
daar tot op daardie tydstip onkunde in die personeel-
afdeling geheers het oor die feit dat aan die eiser siekte-
verlof toegestaan is sonder dat hy daarop geregtig was nie.
In ieder geval was Haarhoff blykbaar die man om te ge-
tuig oor wat hy geweet of nie geweet het nie, en oor
die tydstip waarop sy afdeling van die volle feite
bewus geword het. Haarhoff is egter nie geroep nie.

Die hof a quo het ook die feit dat die
eiser ~~siekte~~verlof toegestaan is sonder dat hy daarop
geregtig was, in verband gebring met die feit dat die

eiser/

eiser op 'n stadium aangevoer het dat hy met siekteverlof van sy werk afwesig was omdat hy tydens sy diensverrigtinge beseer was. Hierdie bewering was reeds in die eiser se dagvaarding gemaak, en hoewel dit 'n onnodige bewering was (die partye se advokate was dit tydens redenasie voor ons daaroor eens) het dit 'n omvangryke feitedispuut in die landdroshof ontketen. Die getuienis wat die verweerder in die verband gelei het, het eiser se stelling probeer ontsenu op die basis dat die eiser nie indertyd gekla het dat hy op diens beseer was nie. Dit was, in kort, juis die verweerder se saak dat eiser se stelling nie korrek kon wees nie want die verweerder se verantwoordelike amptenare was,

in/

in die tyd, daarvan onbewus dat die eiser dalk op
 diens beseer was. Hulle het gemeen dat die eiser
 se besering veroorsaak was deur 'n valskermbesering wat
 hy voorheen opgedoen het, en wat weer las gegee
 het. In die lig hiervan vind ek dit moeilik om die
 volgende verdere gedeelte van die hof a quo se uit-
 spraak te volg -

"Dit is eweneens duidelik dat Verweerder op
 daárdie stadium ook nog gladnie bewus daar-
 van was nie dat Eiser se beserings en die
 nagevolge daarvan op grond waarvan hy be-
 taalde siekteverlof bekom het, wel aan sy
 valskerm sprong te wyte was, en nie aan sy
 val op diens nie, en het Verweerder dus op
 daardie stadium ook nog gladnie geweet dat
 Eiser, ooreenkomstig Verweerder se bepalinge
 aangaande siekteverlof, op gladgeen siekte-
 verlof hoegenaamd geregtig was nie. Onder dié

omstandighede/

omstandighede kan daar dus nie bevind word dat die betalings wat Verweerder aan Eiser gemaak het en waarop Eiser nie geregtig was nie (soos hierbo bevind is), deur Verweerder gemaak was met die volle wete en kennis dat sodanige betalings nie deur Verweerder aan Eiser verskuldig was nie. Trouens, die hele siekteverlof is eers ná die val op die loopplank (wat aan die begin van Desember 1976 plaasgevind het) opgeloopt."

Niemand het getuig dat die eiser se aansoeke om siekteverlof aanvaar was omdat die verweerder se verantwoordelike amptenare gemeen het dat die eiser in die loop van sy diensplig beseer was nie.

Dit kan wees dat siekteverlof aan die eiser toegestaan was met regulasie 27 van die verweerder se verlofregulasies, wat ek vroeër aangehaal het,

in/

in gedagte. Dalk het die verantwoordelike amptenaar gemeen dat waar die eiser vir meer as sy regmatige aanspraak siekteverlof toegestaan word, 'n regstelling later kan geskied wanneer die eiser met verloop van tyd wel voldoende siekteverlof verdien. Indien dit dít is wat gebeur het kan daar volgens my oordeel nie sprake wees daarvan dat die oorbetalings van salaris weens 'n fout geskied het nie. Verweerder se advokaat het betoog dat die fout waarskynlik daarin gelê het dat die verantwoordelike amptenaar gedink het dat die eiser nog vir 'n lang genoeg tydperk in diens sou bly om genoegsame siekteverlof te verdien. Ek dink dat dit blote spekulasie is. In ieder geval, selfs al

het/

het die betrokke amptenaar 'n assumpsie gemaak aan-
gaande die vraag hoe lank die eiser nog in diens sou
bly (wat in die lig van latere gebeure geblyk het nie
korrek te wees nie) volg dit nie dat op die tydstip toe
hy die betrokke oorbetalings gemaak het, hy onder 'n
feitelike wanindruk verkeer het nie.

Die feit dat dit op die beskikbare bewys-
materiaal nie moontlik is om te bepaal waarom eiser
oorbetalings ontvang het nie, kan nie weggeredeneer word
nie. Ek meen dat die verweerder nie bewys het dat hy
geregtig was om die condictio indebiti aan te wend nie.
Dit beteken dat die eerste teeneis van die hand gewys
moes gewees het.

Dit/

Dit laat die tweede teeneis vir oorweging.

Die eiser se antwoord daarop was dat hy kennis van diensbeëindiging gegee het omdat hy, vanweë sy skouerbeserings, ongeskik geraak het vir sy werk. Die verweerder het dit ontken. Die hof a quo het dié geskilpunt teen die eiser besleg, hoofsaaklik vanweë die feit dat by voltooiing van die vorm wat by diensbeëindiging ingedien moes word, die eiser in deel van die vorm geskrywe het dat hy dit om "persoonlike redes" doen. In sy getuienis het die eiser verklaar dat hy dit gedoen het op advies van die personeelbeampte, Haarhoff, na wie ek vroeër verwys het. Die hof a quo het die verduideliking as verwerplik bejeen. Ek kan

my/

my nie met die benadering vereenselwig nie. Nie alleen was die eiser se getuienis in dié verband nooit aangevege nie, maar Haarhoff was nie geroep om eiser se bewering te ontken nie. Dit is m.i. nie onwaarskynlik dat Haarhoff wel die advies gegee het nie, en daar was m.i. nie voldoende rede om die eiser se getuienis te betwyfel nie. Ek dink ook dat daar gewigtige redes was vir die eiser om nie met sy werk by die verweerder voort te gaan nie.

Dr Badenhorst, wat die ortopediese werk in verband met die eiser se arm gedoen het, het getuig dat hy nie 'n persoon in die eiser se toestand sou aanraai om in myn te werk of om sy arm te gebruik nie. Hy het verklaar dat die arm "sensitief en gevaarlik" was, en dat dit

maklik/

maklik weer beseer sou kon word. Die eiser self het getuig dat hy dit moeilik gevind het om steeds sy werk te doen. En hy was daarvan oortuig dat hy nie sou kon voortgaan nie. Die verweerder het hom nie ander werk aangebied nie, en hy was nie bewus van enige ander werk wat hy by die verweerder sou kon doen nie. Daar was m.i. onvoldoende rede om hierdie getuienis te verwerp, en niks om dit te weerlê nie. Ek meen dat die verweerder hom wat betref dié betrokke eis, nie van die bewyslas gekwyd het nie.

In die omstandighede dink ek dat die verweerder nie die twee eise wat hy as skuldvergelyking wou opper, bewys het nie. Die eiser derhalwe slaag

in/.....

in sy eis. Ek sou die volgende bevele verleen -

1. Die appèl slaag met koste;

2. Die uitspraak van die landdros word vervang met

een van uitspraak ten gunste van die eiser in die

som van R578,00; rente daarop teen 11% per jaar

vanaf 1 Mei 1977 tot datum van betaling; en gedings-

koste; en

3. Verweerder (respondent) betaal die koste van die

appèl na die Noord-Kaapse Provinsiale Afdeling.

ELOFF, Wnde AR

WESSELS	Wnde AR)	
	)	STEM SAAM
JANSEN	AR	)